UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH UNIVERSITY
jou kennisvennoot·your knowledge partner

# BELANGRIKE RIGLYNE VIR AANBIEDERS

telematiese dienste • telematic services
iCandelo leeNkonzo zeTelematiki

## REËLINGS
## VIR UITSENDINGS EN VOORAF-OPNAMES

Dit is noodsaaklik dat die ateljee vroegtydig bespreek word om te verseker dat die fasiliteite beskikbaar is. Interne kliënte word versoek om die ateljee deur middel van die Afdeling se webblad (www.sun.ac.za/ite) elektronies te bespreek.

Reël asseblief 3 dae voor die uitsending met die Ateljeebestuurder indien u van een van die volgende gebruik wil maak:

- Gespesialiseerde rekenaar sagte ware toepassings
- Gebruik van die informele stel tydens die uitsending

Die volgende moet verkieslik 3 dae voor die uitsending aan die Ateljee-bestuurder gestuur word:

- Die name en kontakbesonderhede van die aanbieders
- Die verloop van die aanbieding (agenda) indien beide die formele en informele stel benut gaan word en/of video grepe ingespeel moet word
- Videomateriaal wat vooraf vir die uitsending opgeneem is
- *PowerPoint*-skyfies wat tydens die aanbieding gebruik gaan word

## KLEREDRAG

Sekere kleure en patrone vertoon minder goed op televisie. Vermy kleding-stukke met opvallende ruit- of streeppatrone, asook helder kleure soos neonpienk, neonblou, rooi of 'n kombinasie van swart en wit.

## BESKIKBARE OPLEIDING

- Die beplanning en verloop van die aanbieding
- Voorbereiding van *Power-Point*-skyfies en plakate vir uitsendings
- Oefenlopies in die ateljee

## *POWERPOINT*-RIGLYNE

- Agtergrond: Donker bv. blou, pers, groen, ens., maar nie rooi nie
- Lettertipe: *Arial* of *Tahoma*. Lettertipes van die *Serif*-tipe, bv. *Times Roman* en *Courier*, is nie geskik nie
- Lettertipegrootte: 32 *Arial* of *Tahoma* in vetdruk Moenie te veel inligting op een skyfie plaas nie
- Tekskleur: Wit of geel maar nie rooi nie
- Kantlyne: 1cm rondom
- Rekenaarskyfies met `n hoë kontras tussen teks en agtergrond is die geskikste om op TV-skerms te vertoon

Voorbeelde van *PowerPoint*-skyfies is by die ateljee beskikbaar. As u die kontaknommers skakel, kan ons van hierdie voorbeelde na u e-posadres stuur.

## DRUKSTUKKE VIR GEBRUIK OP DIE SKRYFBORD

- Formaat: Landskap
- Lettertipe: *Arial* of *Tahoma*
- Minimumgrootte lettertipe: 24 *Arial* of *Tahoma* Vetdruk
- Kantlyne: 2cm rondom
- Grootte: A3

## KONTAKBESONDERHEDE


Vir oriëntering of opleiding met betrekking tot die ateljee:
Hennie Roux Tel: (021) 808 3564 of
Sel: 082 640 2567
e-pos: hennieroux@sun.ac.za

Vir die bespreking van uitsendings:
Zainab Suliman Tel: (021) 808 3880
e-pos: zsuliman@sun.ac.za